# Rom 14:1-12

**Fokus: Rom 14:10-12**

**Die belangrikheid van Kerk-eenheid en ons hantering van verskille (d)**

**Oktober 2013**

*Ps-vooraf* Ps 97:1, 5

## Ontmoetingsdiens.

***Votum.***

**“Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.”**

**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**

**en die Here Jesus Christus**

**deur die kragvolle werking van die Heilige Gees”**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 98:1, 2, 4

***Geloofsbelydenis***

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

Ons gaan nou luister na die wet van die HERE soos ons dit vind in Eks 20.

***Psalm na die wet*** – Ps 99: 4, 5

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

***Psalm na gebed*** – Ps 76: 1, 4, 5

## Woorddiens.

Broers en susters, die Woord van die HERE spreek tot ons uit **Rom 14:1-12**

(sê iets oor reeks uit Romeine 14-15)

***Psalm as antwoord op die Woord na verklaring en toepassing –*** Ps 72: 1, 2

***Ons fokus op*** *vers 10-12****. En ons vertrekpunt is*** Rom 14:10a

***Skrifverklaring***

**Inleiding**

Geliefdes   wanneer Paulus in ***vers 10*** sê:

*"Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder?*

*Of jy ook, waarom verag jy jou broeder?"*

dan kom Paulus terug by sy eerste twee opdragte in ***vers 3***.

*Bewys*[1]

Want hoor wat sê Paulus in ***vers 3***. Hy sê:

*"Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie;*

*en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel nie ..."*

Hoor u die ooreenkoms?

In ***vers 3*** en ***vers 10*** gaan'it daaroor

dat ons mekaar nie moet oordeel nie en verag nie.

*************

So   nadat Paulus in ***vers 5***

waar ons verlede week was

die derde opdrag gegee het van:

*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees"*

en toe in ***vers 6-9*** die maatstaf gegee het

---

1 Σὺ δὲ τί κρίνεις τὸν ἀδελφόν σου; ἢ καὶ σὺ τί ἐξουθενεῖς τὸν ἀδελφόν σου – Wat is hier die funksie van δε?

- Dit kan bloot **10a** nog 'n gedagte koppel aan wat vooraf gesê is (Greek grammer beyond basics bl 657, 671).
- Dit kan wys op 'n oorgang na 'n volgende gedagte (Greek grammer beyond basics bl 658,674).
- Dit kan wys dat Paulus hier 'n fokus-punt inlei (Greek grammer beyond basics bl 670).

***Gevolgtrek:*** Ek meen dat Paulus hier na 'n volgende gadagte oorgnaan. Dis egter nie 'n totaal nuwe gedagte nie. Want met κρινεις (**10a**) en εξουθενεις (**10b**) keer hy terug na sy opdragte in **vers 3**, waar Paulus hierdie optrede verbied (vgl Moo se Rom komm bl 846). Na die opdrag en leer van **vers 5-9** is die μη εξουθενειτω en μη κρινετω opdragte van **vers 3**, waarheen **vers 10a-b** my terug neem, net soveel meer verstaanbaar en dwingend (vgl ook Ridderbos se Rom komm bl 308). Waar **vers 5-9** in waaragtigheid uitgeleef word in die besef dat Christus ons Here is en dat ons vanuit die Skrifte sy wil moet soek en vir Hom alleen moet leef ... ja, daar geld soveel te meer dat ek nie mag verag en veroordeel nie (vgl Jonker se Rom komm bl 181).

van hoe elkeen oortuig moet word
kom hy nou in ***vers 10-12*** terug by opdrag een en twee
van moenie mekaar veroordeel en verag nie.

*Opmerking*[2]
En nou het ons dit al baie keer gesê.
Maar kom ons doen'it weer.

Hierdie twee opdragte van ***vers 3***
is onontbeerlik vir die baie belangrike saak van ***Rom 14-15***.
Die saak van **eenheid tussen ware gelowiges**
**en hoe ons ons verskille moet hanteer**.

En hier in ***vers 10-12*** kom Paulus nou weer by hulle uit.

***************

Maar nou'sie vraag natuurlik:
Hoekom? En dis waaroor ons vanoggend meer gaan leer
in die verklaring en toepassing van ***vers 10-12***.

En dan gaan ons tema wees.

| **Weereens die opdragte van moenie oordeel en verag nie.** |
|---|

En dan gaan ons stilstaan by:
- Waarom Paulus na ***vers 3*** se opdragte terugkom.
- Hoe hy hierdie opdragte met ***vers 10-12*** beklemtoon
- En wat dit vir elkeen van ons sê.

****************

**1.** So kom ons begin by die rede
**waarom Paulus in *vers 10* terugkom**

[2] Vgl Rom 14,1-2&5.docx; Rom 14,3-4.docx; Rom 14,5-9.docx

**by *vers 3* se opdragte van: moenie oordeel en verag nie**.

Nou Paulus kom terug in ***vers 10*** na ***vers 3*** se twee opdragte
juis oor die leer van ***vers 5-9***
waar ons verlede week was.

*Verduidelik*[3]
Ja ***vers 5-9*** maak ***vers 3*** se opdragte ***net so*** ontsaglik belangrik
dat Paulus ons in ***vers 10*** net daarnatoe moet terugvat met:
*"Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder?*
*Of jy ook, waarom verag jy jou broeder?"*

Woorde waarmee Paulus eintlike sê:
Met wat ons nou geleer het in ***vers 5-9***
kan jy so iets gewoon net glad nie doen nie.[4]

**************

***Terugblik***
Maar wat het Paulus nou weer in ***vers 5-9*** gesê?
Kom ons kyk gou weer.

**A.** In ***vers 5*** sê Paulus:
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

En dis sy derde opdrag.
Ja in plaas daarvan dat ons mekaar oordeel en verag
die twee opdragte van ***vers 3***
moet *elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.*

*Verduidelik*

---
[3] Vgl Jonker se Rom komm bl 181
[4] Vgl Jonker se Rom komm bl 180; Ridderbos se Rom komm bl 304-305 by vers 4.

En dit beteken jy's regtig op jou eie
en in jouself in jou hart oortuig.

En om so oortuig te wees
gaan nie gebeur as mense jou dwing en druk nie.[5]

*Voorbeeld*
Byvoorbeeld: ***Vers 2*** vertel van'ie swakkes in die geloof
in die kerk van Rome
wat nog nie die geloofskennis-en-oortuiging gehad het
dat Christus die OT-wette oor rein-en-onrein-kos vervul het nie.

En dat ons nou in die NT bevry is
van die onderhouding van daardie wette.

Nou die swakkes sou beslis nie ten volle oortuig word
as die sterkes in die geloof hulle sou dwing om alles te eet nie.

Nee! Al wat so 'n gedwing gaan veroorsaak
is dat dit die eenheid tussen ware gelowiges gaan verwoes.

Daarom dat Paulus in ***vers 5*** sê
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

*************

**B.** Maar nou'sit baie belangrik
En ons het dit verlede week ook gesien
dat om ten volle oortuig te wees
niks maar niks uit te waai het met hoe ***ek voel*** nie.[6]

---

[5] Vgl Rom 14,5-9.docx
[6] Vgl Rom 14,5-9.docx

*Voorbeeld*

So om nou 'n voorbeeld te noem:

Die swakkes in die geloof wat net groente eet

soos ***vers 2*** vertel kan nie sê:

'Ek is werklik in my gemoed oortuig

dat ek net groente moet eet.

En weet julle waarom? Wel dis omdat ek so ***voel*** .

Ek ***voel*** net soveel gemakliker

om die Here so te dien.

Dit werk vir my.'

*Opmerking*

Nou dit het absoluut niks te doen met ***vers 5*** se opdrag van:

*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

**************

So dis baie belangrik.

***Ek*** en hoe ***ek voel*** het niks te doen met Paulus se opdrag

dat ons elkeen ten volle oortuig moet word nie.

**C.** En hoekom nie?

Wel omdat Paulus in ***vers 6-8*** 'n maatstaf gee

van hoe ware gelowiges meer-en-meer oortuig moet word.[7]

Want in ***vers 6-8*** sê Paulus:

*"Want niemand van ons **l**eef **vir homself** nie*

*en niemand sterf **vir homself** nie.*

*Want as ons lewe, leef ons **vir die Here**;*

*en as ons sterwe, sterf ons **vir die Here** ..."*

---

[7] Vgl Rom 14,5-9.docx

*Verduidelik*[8]

En dit sê vir ons net een ding.

En dit is dat dit in my ganse lewe net nooit meer oor myself gaan nie.

In my ganse lewe moet ek radikaal ophou
om selfgesentreerd te wees.
***Ek*** en hoe ek ***voel*** is nie meer
waaroor dit in my lewe gaan nie.

***Ek*** en my ***gevoel*** mag net nooit meer die maatstaf wees
van hoe ek *ten volle oortuig raak* nie.

Nee! In lewe en in sterwe
moet ek al meer Christusgesentreerd word.
In my hele lewe moet alles vir my gaan om:
Vir die Here vir Christus en tot sy eer.

Ja die Here Christus moet die maatstaf wees
van hoe ek *ten volle oortuig word*.

***************

**D.** En dit is so omdat ***vers 8*** sê
dat *"ons aan die Here behoort."*

En ons behoort aan die Here omdat ***vers 9*** sê
dat *"Christus … gesterwe en opgestaan en weer lewend geword het ..."*[9]

*Verduidelik*[10]

8 Vgl Rom 14,5-9.docx
9 Vgl Rom 14,5-9.docx
10 Vgl Rom 14,5-9.docx

Ja   Christus het met sy verlossingswerk
van sterf aan die kruis
en opstaan uit die graf
en weer lewe aan die regterhand van God die Vader
ons bevry van die slawernyvan Sonde   en Satan   en Dood.

- sodat ons nou aan Christus behoort.
- En sodat ons nou vir Christus kan leef.
- En sodat ek en my gevoel net al hoe minder saak maak.
- En ek al hoe meer begin vra:

'Here   wat wil U.
En Here   leer my U wil vanuit u woord.'

***Terug by vandag***

En   *dit*   is ***vers 6-8*** se maatstaf
vir hoe ons ten volle oortuig moet word.

En nou   geliefdes
as Christus   en 'n lewe vir Christus   en die wil van Christus
al meer my oortuiging word
hoe op dees aarde kan ons mekaar oordeel en verag!
Dit kan mos net nie!!

Daarom dat Paulus in ***vers 10*** sê
En nou's ons weer by ***vers 10***.

Ja   daarom dat Paulus in ***vers 10*** sê:
*"Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder?*
*Of jy ook, waarom verag jy jou broeder?"*

Ja   dit kan nie!   Dit mag nie!

****************

**A.** Want as ek sê:
'Ek behoort aan Christus. Hy is my Here.
En ek wil nuut leef vir Hom alleen soos Hy beveel'
dan moet die swakkes in die geloof in die kerk in Rome
maar ook elkeen van ons
wat besig is met daardie verkeerde oordeel
wat Paulus in ***vers 3*** verbied
mos ophou daarmee.

*Verduidelik*
Want as ek aan Christus behoort en Christus is my Here
en ek leef vir Hom soos Hy beveel
dan'sit mos net onmoontlik dat ek kan oordeel.

En met my oordeel myself in die plek van Christus stel.
En met my oordeel myself 'n here maak
wat oor ander oordeel
met my eie self-uitgedinkte wette van:
eet-net-groente of hou-allerhande-feesdae
of watter self uitgedinkte wet ook al
terwyl ons Here Christus dit nooit beveel het nie.

Dit kan mos nie! Dit mag mos nie!

***************

**B.** En as ek sê: 'Ek behoort aan Christus. Hy is my Here.
En ek wil nuut leef vir Hom soos Hy beveel'
dan moet die sterkes in die geloof in die kerk in Rome
maar ook elkeen van ons
wat besig is om my mede-broeder of suster te verag

met 'n liefdelose hoogmoed wat verkleineer en uitskuif[11]

dit wat Paulus so ernstig in ***vers 3*** verbied

mos ophou daarmee.

*Verduidelik*

Want as Christus ons Here is

en Hy heers in ons deur sy Gees

dan kan ek mos nie in liefdelose hoogmoed my mede-broeder-of-suster

wat met my standpunt verskil verag nie.

Dit kan mos nie! Dit mag mos nie!

**************

*Toepassing*[12]

Nee as Christus ons Here is

en Hy in ons heers deur sy Gees

**I** dan sal ons biddend vra:

Here laat my al meer leef vir U

alleen volgens U gebod van:

*"julle mot mekaar liefhê net soos Ek julle liefgehad het."*[13]

**II** dan sal ons vra:

Here, maak Rom 12:10 'n werklikheid in my

waar U apostel sê:

*"die een moet die ander voorgaan in eerbetoning."*

**III** En: Here, maak Fil 2:3-4 'n werklikheid in my

waar U apostel sê:

*"Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie,*

---

11 Vgl Rom 14,3-4.docx

12 Vgl Wison se Rom komm bl 203

13 Bv Joh 15:12

*maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself ..."*

**IV** Ja dan begin ek al meer verstaan
dat 'n lewe vir die Here Christus
'n lewe is alleen soos Hy beveel.
En daarom 'n lewe is van liefde vir my broeder en suster.[14]

*Opmerking*
En daarom ook 'n lewe waarin ek nie oordeel nie
met my eiewillige wette en moets en moenies
wat Christus nooit beveel het nie
Dis dan ook 'n lewe
waarin nie in liefdeloosheid verag nie.
Ook iets wat Christus nooit beveel het nie.

****************

En dan? Wel dan neem ons mekaar aan
soos Christus ons aangeneem het
en soos Paulus ons oproep in ***Rom 14:1*** en ***Rom 15:7***.

En dan kom daar oplossings vir ons verskille.

Nie omdat ons nou maar sê:
'ag wat alles kan maar gaan nie.'
Of: 'solank jy net gemaklik voel' nie.

Nee! Omdat ons al meer oortuig en verenig raak
in die een wil van ons Here Christus.
En ons al meer 'n lewe leef vir ons Here
onder die heerskappy van ons Here.

14 Vgl De vrijheid van een christen, in Luters werken, bl 136, 165

************

*Oorgang*

En weet u: Hierdie waarheid van 'n lewe vir Christus

omdat ons aan Hom behoort en Hy ons Here is

en ons daarom al meer gehoorsaam leef

aan ***vers 3*** se opdrag van 'nie-oordeel-nie' en 'nie-verag-nie'

is vir Paulus ontsettend belangrik.

Want kyk net hoe ernstig beklemtoon hy dit in ***vers 10-12***.

Ja vir Paulus kan dit net nie anders nie.

Ons ***moet*** lewe vir die Here

sonder oordeel en veragting van mekaar

*"want"* sê Paulus in die laaste deel van ***vers 10***:

*"ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word."*[15]

**2.** En nou's ons by ons tweede punt waar'it gaan

oor **hoe Paulus hierdie opdragte**

**van nie-oordeel-nie en nie-verag-nie beklemtoon**.

**A.** Ja dis ernstig. Baie.

*"Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word."*

*Verduidelik*

So sien u wat doen Paulus?

In ***vers 6-9*** het hy ons gewys dat Christus ons Here is.

En dat ons al meer oortuig moet word van sy wil.

---

[15] Vgl Moo se Rom komm bl 846-847; Jonker se Rom komm bl 181; Calvyn se Rom komm bl 501; Haldane se Rom komm bl 600

En al meer moet leef vir Hom.

Maar nou as ons van ***vers 6-9*** na ***vers 10*** gaan
en Paulus wil beklemtoon hoe belangrik dit is
dat ons al meer oortuig moet word van Christus se wil
en al meer moet leef vir Christus
en dat ons daarom moet ophou
om mekaar te oordeel en te verag
dan wys Paulus ons dat Christus nie net ons ***Here*** is nie
soos ***vers 6-9*** leer nie.

Nee! Hy wys ons daarby dat Christus ook ***Regter*** is.[16]

*Opmerking*
Daarom dat ***vers 10*** praat van Christus se *regterstoel*.
Ja Christus het 'n regterstoel
want Hy is die Regter wat weer kom om te oordeel.[17]

*"Want die Vader oordeel ook niemand nie,*
*maar het die hele oordeel aan die Seun gegee"*
Sê Christus self in Joh 5:22.

En Hand 10:42 vertel
dat Christus *"deur God bestem is*
*as Regter van lewende en dode."*

*************

**B.** So sien u Paulus se erns.
Sien u hoe lewensbelangrik dit is

---

[16] Sien voetnoot 15

[17] τω βηματι του χριστου wys op die waarheid dat Christus as ons Here ook die Regter is wat sal regspreek en sal oordeel – ook oor ons wat gelowig is (vgl ook **Rom 2:12-16**) (NIDNTT vol 2 bl 369-370; comm on teh NT use of the OT bl 684-685).

om vir Christus te leef soos Christus wil
en nie soos ons wil nie.

Sien u hoe belangrik dit is
dat ons moet ophou om mekaar te oordeel en te verag.

Dis belangrik
*"Want ons sal **almal** voor die regterstoel van Christus gestel word."*

Daar sal geen uitsondering wes nie.
***Almal*** elke lidmaat in die kerk in Rome
elke lidmaat in die kerk in Daspoort.
Ja elke mens sal voor die Regter Jesus verskyn.

*Bewys*
Want Paulus praat in ***vers 10*** van *ons almal*.[18]

En Paulus bevestig dit[19]
wanneer hy van ***vers 10*** na ***vers 11*** gaan
en dan aanhaal uit Jes 45:23 en sê:
*"Want daar is geskrywe:*
*So waaragtig as Ek leef, sê die Here,*
*voor My sal **elke** knie buig, en **elke** tong sal God bely."*

****************

**C.** En wat gaan dan daar voor Regter Jesus gebeur?
Wel Paulus sê in ***vers 12***:
*"So sal elkeen van ons dan vir homself aan God **rekenskap** gee."*

---

[18] πάντες γὰρ παραστησόμεθα – Die subjek = 1ste mv. παντες het dus die doel om almal in die kerk in Rome – Paulus in kluis – in te sluit (Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 597)

[19] γέγραπται γάρ … Met γαρ begrond Paulus die waarheid dat ons almal – ook ons as gelowiges – voor die regterstoel van Christus gaan staan in die OT – **Jes 45:23** (Moo se Rom komm bl 847; comm on the NT use of the OT bl 685; Ridderbos se Rom komm bl 309; NIDNTT vol 2 bl 369).

*Verduidelik*

Hoor u dit?

Ons sal rekenskap moet gee.

Of ons kan ook sê: Ons sal verantwoording moet doen.

Ons sal moet sê

wat ons gedoen het en hoekom ons dit gedoen het.[20]

Ja ek sal moet rekenskap gee

oor wat my maatstaf was

van hoe ek ten volle oortuig geword het.

Was'it ***ek*** en hoe ek ***voel***.

Of was'it die ***Here*** Christus en ***sy wil***.[21]

Ek sal moet rekenskap gee

oor of my lewe 'n lewe geword het

soos Christus beveel.

*Verder verduidelik*

Met ander woorde:

'n lewe van liefde vir my broeder en suster

**I** sonder daardie aaklige oordeel

met my eiewillige moets en moenies

**II** en ook sonder daardie aaklige liefdelose veragting

van 'n mede-broeder of suster.

***************

Ja dis wat dit beteken as Paulus in ***vers 12*** sê:

[20] Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 599 wys my dat die betekenis van λογον in hierdie konteks 'rekenskap' is, of 'verantwoording' (vgl ook Moo se Rom komm bl 848).

[21] Vgl Moo se Rom komm bl 848; Ridderbos se Rom komm bl 309

*"So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee."*[22]

*Toepassing*

So sien u Paulus se erns?

En laat dit ons tog aangryp!

Moet tog nie dat wat Paulus in ***vers 10-12*** sê

net verby ons gaan vanoggend nie.

Ja wat Paulus hier sê moet ons laat vra:

'Here wat sê dit alles?

Ek verstaan ook nie alles so mooi nie?

Dit maak my bang.

Hoe gaan ek daarby uitkom?

Want in my lewe sukkel ek so Here om vir u te leef.

Ek sukkel so dat U wil my wil word.'

**************

**3.** Nou geliefdes hierdie worsteling van elke ware gelowige

bring ons by ons derde punt waar'it gaan oor

**wat *vers 10-12* nou-en-hier vir elkeen van ons sê**.

*Opmerking*

En dan's daar drie dinge

wat ons moet raaksien.

**A.** Die eerste is dat wanneer Paulus in ***vers 10*** sê:

*"Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word"*

en in ***vers 12*** sê:

---

[22] In 2Kor 5:10 stel Paulus dit so bietjie anders ... as Hy sê: *"ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy ... verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."*

*"So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee"*
dan beteken dit ***nie*** dat Regter Jesus vir my gaan sê:
'jy kan maar in gaan in my ewige koninkryk van vrede
***omdat*** jy volmaak gehou het by my maatstaf
wat Ek deur my apostel Paulus in ***Rom 14:6-8*** gegee het nie.'

'Daar waar hy gesê het:
*"niemand van ons leef **vir homself** nie*
*en niemand sterf **vir homself** nie.*
*Want as ons lewe, leef ons **vir die Here**;*
*en as ons sterwe, sterf ons **vir die Here**"'*

*Bewys*[23]
Hoekom nie?
Wel omdat Christus vooraf in die boek Romeine in Rom 3:20
deur sy apostel geleer het
dat *"**uit die werke van die wet** geen vlees*
*voor (God en voor Christus) geregverdig sal word nie ..."*

En in Rom 3:28 leer Christus deur sy apostel:
*"Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof*
***sonder die werke van die wet**."*

En in Rom 4:13 sê Christus deur sy apostel:
*"Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees,*
*het Abraham of sy (gelowige*[24]*) nageslag*
***nie deur die wet verkry nie**,*
*maar deur die geregtigheid van die geloof."*

---

23 Vgl Beale, A New Testament Biblical theology, bl 516
24 Gal 3:7

En in Efes 2:8-9 sê Christus deur sy apostel:

*"Want uit genade is julle gered, deur die geloof,*
*en dit nie uit julleself nie:*
*dit is die gawe van God;*
***nie uit die werke nie**,*
*sodat niemand mag roem nie."*

En dan het ons nog nie eers begin aanhaal
uit Paulus se brief aan die Galasiërs nie.

So geliefdes wanneer ons voor die regterstol
van Christus gaan verskyn
en rekenskap sal moet gee
soos Paulus leer in ***vers 10-12***
dan gaan Christus ons beslis nie vryspreek
***op grond*** van ons lewe ***vir Hom*** nie.

Nee as dit so moes wees
dan was ons almal vir ewig in die hel.

*Bewys*[25]

Want as ons ***op grond*** van ons lewe vir die Here
regverdig voor die Christus se regbank wil staan
dan sal ons lewe heeltemal volmaak moet wees.

Want dis wat Christus eis. Hy eis volmaaktheid.
En dan leer Jes 64:6
dat ons beste werke nog *"soos 'n besoedelde kleed"* is.

*************

*Christus verkondiging*

[25] Sondag 24

Daarom dat ons vir Christus nodig het.

- Christus wat nooit geoordeel het nie.
- Christus wat nooit verag het nie.
- Christus wat volmaak vir God geleef het.
- Christus wat gekom het
  om in selfopofferende liefde te dien
  en nie om gedien te word nie.
  Soos Christus self sê in Mark 10:45.

Ja dis alleen ***op grond*** van Christus se volmaakte werke
wat ons sin word uit genade alleen
deur die geloof alleen
dat gelowiges voor die regbank
van Christus vryspraak sal ontvang.

Niks anders nie geliefdes Niks nie!

***************

**B.** Maar waarom is Paulus dan so ernstig in ***vers 10-12***?

*Opmerking*
En nou kom ons by die tweede ding
wat ons moet raaksien

Ja waarom sê Paulus in ***vers 12***:
*"So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee."*

Waarom is dit vir Paulus so belangrik
dat ons moet leef vir die Here
soos hy leer in ***vers 6-8***?

Waarom is dit vir Paulus so belangrik
dat hy ons in ***vers 10-12*** wys op die werklikheid
dat ons voor Regter Jesus gaan moet staan en rekenskap gee.

*Verduidelik*[26]
Wel geliefdes omdat

- ons lewe vir die Here
  volgens die Here Christus se gebod van:
  *"julle moet mekaar lief hê soos Ek julle lief gehad het ..."*[27]

- Ja omdat ons lewe vir die Here
  waarin ek nie meer wil oordeel
  met my eiewillige moets en moenies
  terwyl Christus dit nooit beveel het nie.
- Ja omdat my lewe vir die Here
  waarin ek nie meer in liefdelose hoogmoed wil verag nie.

'n bewys is dat ek alreeds in Christus alleen regverdig ***is***
en in Christus vryspraak ***het***
en in Christus toegang tot sy Koninkryk ***het***.

*Bewys*
Want geliefdes toe Christus *"gesterwe*
*en opgestaan en weer lewend geword"* het
soos Paulus daaroor praat in ***vers 9***
het Christus sy gelowiges se Here geword.
En dan Heers Christus in ons deur sy Gees.[28]

---

26 Vgl Beale, A New Testament Biblical theology, bl 508 vv
27 Joh 15:12
28 Rom 8:9

En deur sy Gees *"maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe."*[29]

************

*Toepassing*[30]

En weet u:

Wanneer ek dan voor die regterstoel

van Christus gaan staan.

En Hy as God sê: 'Gee rekenskap!

Wat is die bewys van jou vryspraak?'

dan sal ek sê:

'Here U is dit.

Want die gewilligheid om vir u te leef

kom nie uit myself nie Dis U deur U Gees.'

*************

**C.** *Selfondersoek*

Maar dadelik geliefdes as ons hierdie Evangelie hoor

moet Paulus se ontsettende erns in ***vers 10-12***

ons soveel meer aangryp.

*Opmerking*

En dis'ie derde ding

wat ons moet raaksien

*Verduidelik*[31]

Want as ek aanhou en aanhou met 'n lewe van oordeel

met my eiewillige wette en moets en moenies

wat Christus self nooit beveel het nie.

---

29 Sondag 1 v/a 1

30 Vgl comm on the NT use of the OT bl 685-686

31 Sondag 32 v/a 87

En as ek aanhou en aanhou
met 'n lewe van liefdelose veragtig
van my mede-broeder-en-suster
wat van my verskil
iets wat Christus nooi beveel het nie.

Ja as ek met ander woorde
aanhou en aanhou met 'n lewe vir ***myself***
'n lewe waar ***ek*** en my ***gevoel*** in die middelpunt staan
en nie die Here Christus nie.

Wat sê dit van my?

****************

Wel net een ding. En dit is:

- Christus is nie Here in my lewe nie.
- Christus Heers nie in my deur sy Gees nie.
- Daarom dat ek ook nie vir Hom lewe nie.

Ja dan beteken dit
ek behoort nie waarlik aan die Here nie.

Dit beteken ek is nog nie waarlik deur die geloof
aan Christus verbind nie.

Dit beteken ek is nie regverdig
voor Christus se regbank nie.

En dan? Wel dan sal ek eendag voor die regbank van Christus
met geen bewys van my geregtigheid

uit genade alleen voor Hom staan nie.

En dan? Wel dan sal ek die woorde
van Mat 7:23 uit die mond van Jesus hoor.
Daardie woorde wat sê:
*"Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My,*
*julle wat die ongeregtigheid werk!"*

***************

**Slot**

So sien u waarom dit so ontsaglik belangrik is
dat ons oortuig sal word met die maatstaf van ***vers 6-8***.
En daarom ook sal ophou met 'n lewe van oordeel en verag.

Dis ontsettend belangrik
want dit is die bewys dat ons reeds
uit genade alleen in Christus alleen regverdig is
en voor die regbank van Christus vryspraak het.

Ja dis ontsettend belangrik:
*"Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word.*
*Want daar is geskrywe:*
*So waaragtig as Ek leef, sê die Here,*
*voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.*
*So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee."*
Sê Paulus in ***vers 10-12***.

***************

*Selfondersoek*

So geliefdes hoe staan dit met u en met my?
Wie staan sentraal in ons lewe?

***Ek*** met my eiewillige moets en moenies?

***Ek*** en ***my gevoel***?

***Ek*** met my hoogmoed en liefdelose veragting van elkeen

wat met my te verskil?

Of behoort ons waarlik aan Christus?

En Heers Christus waarlik as Here in ons deur sy Gees?

En word dit sigbaar in 'n lewe ***vir die Here***

wat ek in 'n lewe van liefde in my naaste uitleef.

************

*Troos*

Ja hoe staan dit met ons?

Weet u: Kom ons gaan in hierdie oggend weereens na Christus toe.[32]

Want sonder Christus kan ons niks doen nie

En glad nie *vir Hom* lewe nie.

Christus leer ons so in Joh 15:5.

Ja kom ons doen dit!

En weet u: Christus het eenmaal in Joh 6:37 gesê
dat elkeen wat so na Hom toe kom
al voor die grondlegging van die wêreld
in die uitverkiesing aan Hom gegee is
"*en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.*"
Sê Christus

**Amen.**

## Antwoorddiens

***Psalm as antwoord op die Woord*** **–** Ps 72: 1, 2

***Gebed***

32 Sondag 31 v/a 84

***Barmhartigheidsdiens***

| | | |
|---|---|---|
| Psalm tydens kollekte | : | Ps 9: 1, 3, 4, 5, 6 |
| Slotpsalm | : | Ps 149: 1, 2, 4 |

**Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**"Die genade van die Here Jesus Christus**

**en die liefde van God**

**en die gemeenskap van die Heilige Gees**

**sy met julle almal!**

**Amen.**